Hartleyweg Laerskool

Leesbegrip-Comprehension

Graad vier

Les Twee- 24 Augustus-28 Augustus 2020

Lees die storie en beantwoord die vrae wat volg

'n Uitstappie Winkels toe

Ons lees

Die volgende dag het Angela en Susan saam met Thandi, Busi en Linda winkels toe gegaan. Hulle het na 'n groot **inkopiesentrum** toe gegaan. Dit het baie verdiepings gehad en allerhande verskillende goed verkoop. Hulle het met 'n **roltrap** op en af na die verskillende verdiepings gery. Terwyl hulle inkopies gedoen het, het Susan verdwaal. Sy was baie bang, omdat sy nie haar suster kon vind nie. Angela was baie **vies** vir haar jonger suster. Later het Angela 'n bloes gesien waarvan sy gehou het. Sy het na die winkelassistent toe gegaan.

Winkelassistent:	Kan ek help?
Angela:	Ja asseblief. Hoeveel kos hierdie bloes?
Winkelassistent:	Twintig rand.
Angela:	Dis nie so **duur** nie. Mag ek dit aanpas? Het julle 'n groter grootte? Het julle enige ander kleure?
Winkelassistent:	Ja, jy mag dit aanpas, maar ons het dit nie in 'n groter grootte of in enige ander kleure nie.
Angela:	[Later] Dankie, ek sal hierdie bloes neem.
Winkelassistent:	Wil jy 'n plastieksak hê?
Angela:	Nee dankie, ek het my eie sak gebring.

1. Wat is die titel van hierdie storie?

_____

2. Hoeveel meisies het na die winkel toe gegaan?

_____

3. Hoe het die meisies die verskillende verdiepings gesien?

_____

4. Wat het gebeur (happened) met Susan?

_____

5. Wat het Angela gekoop?

_____

6. Hoeveel kos die bloes?

_____

7. Wat is die name van Angela en Susan se drie vriende?

_____

_____

8. Sê of die volgende sinne WAAR of ONWAAR is. Haal sinne uit die teks om jou antwoord te motiveer:

8.1 Die meisies het na die strand toe gegaan.

_____

_____

8.2 Die inkopiesentrum is baie klein.

_____

_____

8.3 Angela was baie kwaad met haar suster.

_____

_____

8.4 Angela het 'n romp van die winkel gekoop.

_____

_____

9. Wat sou jy doen as jou suster in 'n winkel verdwaal het? Onderstreep die korrek antwoord:

a) Jy sal die winkel eienaar en jou ouers/mense inlig (inform).
b) Jy sal vir jou suster huil.
c) Jy sal wegkruip.